# LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

**WATERLOO GREEN – WYNBERG 7800**
**TEL:** (021) 762-2234 / 797-0494
**E-POS:** admin@svds.co.za / finansies@svds.co.za / personeel@svdstel.co.za / principal@gmail.com


***Omsendbrief 1/2026***

15 Januarie 2026

Liewe Ouers

Ek glo en vertrou dat almal gesond is en ons sien uit na 'n wonderlike geseënde 2026. Ons wens u almal 'n geseënde en positiewe 2026 toe waarin u kind vreugde, geluk en prestasie sal ervaar en al hul talente verder sal ontwikkel.

Ons verwelkom graag al ons leerders, ouers en personeel terug na die vakansie. 'n Spesiale woord van welkom aan die nuwe leerders en personeel wat vir die eerste keer by ons aansluit.




Ek deel graag die volgende inligting met u:

**1. PERSONEEL:**

**SKOOLBESTUURSPAN 2026:**

WAARNEMENDE HOOF & DH IF - Mev. R. Visagie
2IB - Mev. M. Herbst
DH GP - - Mej. M. Viljoen
Mej. D. de Long
Mej. A. Johnson

**ONDERWYSERS:**

Graad R - Mev. S. Singleton & Mev. S. Clarke
Graad 1 - Mej. E. Ackermann & Mev. N. Du Preez
Graad 2 - Mev. L. Barendse & Mej. M. Viljoen
Graad 3 - Mej. D. de Long & Mev. A. Dladla
Graad 4 - Mej. D. Laban & Mej. L. de Villiers
Graad 5 - Mej. L. Small-Smith (nuut) & Mej. M. Abrahams (nuut)
Graad 6 - Mej. T. Cloete & Mej. A. Johnson
Graad 7 - Mnr. C. Benjamin & Mnr. R. Cross (nuut)
Musiek - Mev. M. Herbst



**ASSISTENTE:**

Mnr. J. Claassen
Mev. L. Kruger
Mnr. R. van der Westhuizen

Mej. K. de Villiers
Mej. M. Ryk
Mev. L. Voigt

**ALGEMENE WERKERS:**
Mnr. P. Stoltz (Gronde- en gebouebestuurder)
Mej. P. Newat
Mnr. F. Davids
Mnr. J. Willemse (jr)
Mnr. J. Willemse (snr)

**ADMIN. PERSONEEL:**

| | |
|---|---|
| Finansiële Administrateur: | Mev. M. van Antwerpen |
| Sekretaresse: | Mev. C. Aggenbacht |

**2. SKOOLURE:**

| | | |
|---|---|---|
| **Gr. R:** | Maandag – Vrydag | 08:00 – 12:35 |
| **Gr. 1 & 2:** | Maandag – Vrydag | 08:00 – 13:20 |
| **Gr. 3:** | Maandag en Woensdag | 08:00 – 14:30 |
| **Gr. 3:** | Dinsdag, Donderdag en Vrydag | 08:00 – 13:20 |
| **Gr. 4 – 7:** | Maandag – Donderdag | 08:00 – 14:30 |
| **Gr. 4 - 7:** | Vrydag | 08:00 – 13:20 |




**POUSES:**

| | | |
|---|---|---|
| **1ste Pouse:** | Gr. 1 - 7 Maandag – Vrydag | 10:30 – 10:50 |
| **2de Pouse:** | Gr. 3 - 7 Maandag - Donderdag | 13:20 – 13:35 |

**3.BEGIN VAN SKOOLDAG:**

a) Hekke open om 07:00.
b) Alle onderwysers begin om 07:30 met vergaderings.
c) Onderwyser/assistent op speelgronddiens begin om 07:30 op die speelgrond.

**OP SONNIGE DAE:**

a) Ouers laai leerders by die sirkel by die hoofingang van die skool af.
b) Geen ouer mag in die pad by die sirkel parkeer nie, maar langs die sypaadjie, sodat verkeersvloei nie ontwrig word nie.
c) Die onderwyser/assistent op speelgronddiens moet teen 07:30 op die speelgrond wees.
d) Geen ouers mag die skoolgrond binnegaan soggens om saam met hul kinders te stap nie, behalwe vir Gr. R ouers. (Die onderwyser aan diens beheer dit.) Hierdie reëling is vir veiligheidsdoeleindes en om seker te maak dat geen vreemdelinge die skoolterrein betree nie.
e) Leerders speel op die speelgrond totdat die eerste klok lui.
f) Wanneer die eerste klok lui, tree leerders op die teerblad in hul rye aan en onderwysers staan by hul klasse.



g) Wanneer die tweede klok lui, moet leerders reeds in hul rye wees vir die vlagseremonie.
h) Onderwysers moet saam met hul onderskeie klasse op die teerpad staan en hulle na hul klaskamers begelei.

**OP REËNDAE:**

a) Die skuifhek sal oop wees vir ouers om leerders naby die hoofingang af te laai.
b) ALLE ander skooldeure sal gesluit wees.
c) Leerders gaan die skool binne en sit voor hul onderskeie klasse.
d) Die onderwyser/assistente aan diens begin om 07:30 en doen rondtes deur die skool.




**4. OUERINLIGTINGSAAND:**

Ons nooi graag ons ouers uit om ons inligtingsaand volgende **Donderdag, 22 Januarie 2026,** by te woon. Waardevolle inligting word tydens hierdie vergadering gedeel. Ons begin met 'n kort vergadering in die skoolsaal om **18:00**. Van daar af sal ouers en onderwysers na die onderskeie onderwysers se klasse beweeg vir die inligtingsvergadering.

**5. KWARTAALPROGRAM:**

Ons wag nog vir 'n paar datums, maar ons sal vir elke gesin 'n kwartaalprogram stuur sodra dit gefinaliseer is. Saam met hierdie brief sal u ook die Sportskedule, Handboekbeleid, Persoonlike Inligtingsvorm en Beleid rakende die afhaal van leerders na skool ontvang. Ons begin reeds volgende week met ons sportrooster, so maak asseblief seker dat die leerders hul sportklere inpak op die dae wat hulle sport het.

**6. BEHEERLIGGAAM:**

Ons verwelkom ook ons beheerliggaam terug. Baie dankie vir al u harde werk en ondersteuning.
Sterkte aan die huidige Beheerliggaamlede met die belangrike werk wat voorlê gedurende 2026.




**Ons huidige SBL is:**

| | |
|---|---|
| Mev. R. Visagie | - Waarnemende Skoolhoof |
| Mnr. T. Valentyn | - Voorsitter en terrein & Geboue Komitee |
| Mev. M. Mumba | - Ondervoorsitter en Ouerkomitee |
| Mnr. R. Likuba | - Tesourier |
| Mev. M. van Antwerpen | - Nie-onderwyserverteenwoordiger en SGB-sekretaresse |
| Mr. D. Volsak | - Media en Bemarking |
| Mej. M. Viljoen | - Onderwyserverteenwoordiger |
| Mev. S. Clarke | - Onderwyserverteenwoordiger |
| Mev.L Lourens | - Borge en Donasies |



**7. VEILIGHEID:**

Die veiligheid van al ons leerders en personeel is van kardinale belang. Die skool se veiligheidsplanne is in plek en ek wil die ouers verseker dat alles in ons vermoë gedoen word om die leerders en personeel veilig te hou. Dit is uiters belangrik dat, indien leerders nie direk na skool of sport afgehaal word nie, u van die nasorgfasiliteite gebruikmaak. Indien u reëlings met die nasorg wil tref, kan u **mev. Hefer by 076 569 4722** kontak.




**8. SKOOLGELD:**

Die skoolfonds vir 2026 is **R2 880,00 per maand**.
Indien skoolgeld vir die jaar teen einde Februarie 2026 ten volle betaal is, sal u 'n korting van R2 880 ontvang.

**Musiekfooie vir 2026**

| | |
|---|---|
| **Klavier:** | R570 per maand. |
| **Blokfluit:** | R570 per maand. |

**9. SKOOLDRAG:**

Leerders dra volle somerskooldrag vir kwartaal 1. Indien 'n leerder 'n merietesertifikaat vir goeie gedrag, goeie werk, ens. ontvang het, mag die leerder op Donderdag civvies skool toe dra. Ons hou op sommige Vrydae 'n spesiale tema civvie-dag.




**10. SNOEPIE:**

Ons skool se snoepie is onder beheer van mev. Visagie en heerlike eetgoed word verkoop. Voedsame maaltye word daagliks aangebied. U sal binnekort 'n aanlyn bestelvorm ontvang waarop u kind se etes vir die week bestel kan word. Ons verkies EFT-betalings, andersins kan u kontant, in 'n koevert met u kind se naam en bedrag, skool toe stuur.

**11. AFSPRAKE:**

My deur is altyd oop vir gesprekke. Maak gerus 'n afspraak indien u iets met my wil bespreek.
Indien u met die klasonderwyser(s) wil praat, maak asseblief 'n afspraak, want onderwysers word nie toegelaat om hul klasse enige tyd gedurende skoolure te verlaat nie.

**12. ERKENNINGS:**

Baie dankie aan al ons ouers vir u volgehoue ondersteuning aan u kinders en ons skool.

Dankie aan ons leerders vir hulle entoesiasme en goeie gedrag.

Baie dankie aan ons personeel vir hul positiewe bydraes en doeltreffendheid.




Ons sien uit na ‘n positiewe 2026.

Vriendelike groete

---

**R. Visagie**
***Waarnemende Skoolhoof***

coolideas
INTERNET SERVICE PROVIDER

COPY EXPRESS
Signage, Courier & Business Services
CLAREMONT
021 140 3228
claremont@copyexpress.co.za
copyexpress_claremont
CopyExpressClaremont